11. Moses sondig en Josua word Moses se opvolger

Numeri 20 - 36

God gaan deur met sy verlossingswerk

God laat nie sy volk in hulle sondige staat nie. Dit wat gebeur in die Ou Testament wys heen na Christus se verlossingswerk in die Nuwe Testament. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Net die wat na Christus opsien sal lewe.
- Bileam se seën is 'n profesie aangaande die koms van Christus.
- Moses wys as middelaar heen na Christus die enigste ware Middelaar.

Moses sondig

Na 38 jaar se omswerwinge in die woestyn is Israel weer by Kades aan die suidelike grens van Kanaan. Hul voorouers het hier omgedraai omdat hulle te bang was om Kanaan binne te val. Hulle het in die woestyn gesterf.

Die volk het weer nie water om te drink nie en kla by Moses en Aäron. Die gesindheid van die volk stel hoë eise aan Moses. Hy word as middelaar op die proef gestel. Die Here is genadig. Moses moet sy staf neem en saam met Aäron moet hy voor die oë van die volk met 'n rots praat. Die rots sal water gee as hulle met hom praat. Moses is egter ongeduldig. Hy raas met die volk en in sy woede slaan hy tweemaal op die rots sonder om die eer aan die Here te gee. Die Here laat dadelik water uit die rots vloei, maar Moses en Aäron was ongehoorsaam. Daarom mag hulle nie saam met die volk Kanaan binnetrek nie. Omdat die volk hier getwis het, word die plek Meriba (twis) genoem.

Deur sy optrede het Moses die heiligheid van God aangetas. Moses het nie gelowig opgetree nie, maar volgens wat hyself gedink het reg is. Sonder geloof is dit onmoontlik om God se wil uit te voer.[81]

81 Heb. 11: 6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Boodskappers na Edom

Moses stuur boodskappers na die koning van Edom met die versoek om die Israeliete toe te laat om deur sy land te trek. Hy beloof Edom dat Israel nie deur lande of wingerde sal trek nie, maar mooi op die Koningsweg sal bly. Die Koningsweg is 'n baie ou pad wat strek van Akaba by die Skelfsee tot by Sirië.

Die Edomiete weier egter dat Israel deur hul land trek. Israel moet met 'n ompad om Edom trek aangesien die Here hulle uitdruklik verbied het om teen Edom te veg. Die Here het aan Edom hulle land gegee en Israel moet dit eerbiedig. Die Edomiete vertrou egter nie die vrede nie en trek met baie manskappe uit om Israel te keer. Edom word later deur die Here gestraf omdat hulle altyd vyandig teenoor die Israeliete gestaan het.[82]

Die dood van Aäron

Op die grens van Edom lê die berg Hor. Moses, Aäron en Eleasar, die seun van Aäron, kry die opdrag om op die berg te klim. Op die top van die berg sal Aäron sterf. Moses moet Aäron se klere uittrek en dit vir Eleaser aantrek. Eleaser is die wettige opvolger van Aäron as hoëpriester. Aäron mag die beloofde land nie binnegaan nie.

Die koperslang

Die koning van Arad, 'n stad in die suide van Kanaan, val die volk aan en sommige Israeliete word gevange geneem. In die geveg teen die soldate van Arad gee die Here aan Israel die oorwinning. Al hul stede word met die banvloek getref. Daarom noem hulle die plek Horma, wat "ban" beteken.

Aangesien Israel nie deur Edom kon trek nie, trek hulle deur die Araba-woestyn. Hulle kla alweer. Die Here stuur giftige slange wat baie van hulle pik, sodat hulle sterf. Baie van die volk het berou oor hul ongeloof en vra Moses om vir die Here te bid dat Hy die slange wegneem. Die Here verhoor Moses se gebed op 'n besonderse wyse.

Moses moet so 'n slang van koper maak. Hy kry die opdrag om die koperslang op 'n paal te sit. Almal wat gepik is en na die koperslang kyk, word gesond.

82 Amos 1: 11 So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Edom, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hy sy broer met die swaard agtervolg het en sy jammergevoel verstik het, sodat sy toorn altyd verskeur en hy gedurigdeur sy grimmigheid behou.

So is die koperslang 'n beeld van Christus wat aan die kruis gehang het en die ewige lewe skenk aan almal wat gelowig na Hom opsien.[83]

Sihon en Og

Nadat Israel van Edom af weggedraai het, kom hulle by die spruit Sered, aan die suide van die Dooie See. Israel stuur boodskappers en vra Sihon, die koning van die Amoriete, toestemming om deur sy land te trek. Hulle beloof die Amoriete dat hulle geen skade sal aanrig nie, maar Sihon weier.

Toe Israel nie wegtrek nie, trek Sihon met sy troepe uit om teen Israel te veg. Die veldslag vind plaas by Jahas, 'n stad in Moab. Israel verslaan die leër van Sihon en tref sy stede met die banvloek. Die volk woon daarna in die stede van die Amoriete wat hulle verower het.

Dieselfde lot tref ook Og, die koning van Basan. Hy en sy manskappe het teen Israel oorlog gevoer, maar hulle is verslaan. Die oorwinning oor Sihon en Og het aan die volk die versekering gegee dat, wanneer die Here met hulle is, hulle die beloofde land sal kan inneem.

Balak beraam planne teen Israel

Na die oorwinnings oor Sihon en Og woon die Israeliete in die gebied oos van die Jordaan. Hulle laer staan in die vlaktes van Moab, noord van die Arnonrivier. Heelwat voorbereidings moet getref word voor hulle Kanaan kan binnetrek om dit te verower.

Balak, die koning van die Moabiete, is bang dat die Israeliete sy land sal aanval en maak planne om Israel te verslaan. Hy weet nie dat die Here Israel verbied het om Moab aan te val nie, aangesien die Moabiete afstammelinge van Lot is.[84] Daarom het Israel om Moab getrek en hulle nie aangeval nie. Balak onderhandel met die Midianiete en wys hulle daarop dat die Israeliete hulle stelselmatig gaan uitroei. Hulle sien egter nie kans om teen die Israeliete te veg nie en beraam 'n ander plan.

---

83 Joh. 3: 14 en 15 En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

84 Deut. 2: 9 Toe het die Here vir my gesê: Behandel Moab nie as 'n vyand nie en begeef jou nie in die oorlog teen hulle nie;

Balak kry vir Bileam om die volk te vervloek

In die noorde van Mesopotamië woon 'n profeet. Sy naam is Bileam. Waarskynlik het hy gehoor van die wondertekens wat God vir Israel gedoen het. Hy weet dat die heidense nasies ontsag het vir die God van Israel . Hy gee voor dat hy God dien en daarom wonderwerke kan verrig. Daardeur verdien hy 'n groot inkomste.

Balak stuur boodskappers na Bileam en vra hom om Israel te kom vervloek. Hy onderneem om hom daarvoor 'n groot som geld te betaal. Balak glo dat Israel maklik verdryf sal word as Bileam hulle vervloek. Die Here waarsku Bileam om nie te gaan nie. Daarna stuur Balak nog boodskappers en beloof om enige vergoeding wat Bileam eis, te betaal. Die Here laat Bileam toe om te gaan, maar hy mag net doen wat die Here hom beveel om te doen.

Die volgende môre trek Bileam saam met die vorste van Moab weg. God word kwaad vir Bileam en stuur die Engel van die Here om voor Bileam se esel in die pad te gaan staan. Bileam slaan sy esel wat die Engel van die Here in die pad sien en nie verder wil loop nie. Toe Bileam sy esel 'n derde keer slaan, vra die esel vir Bileam waarom hy hom slaan. Die Here maak Bileam se oë oop sodat hy die Engel kan sien en dadelik val hy voor Hom neer. Bileam wil omdraai, maar die Engel van die Here beveel hom om saam met die mans van Balak te gaan. Hy moet gaan sê wat die Here hom beveel om te sê.

Bileam seën die volk

Toe Bileam by Balak kom, sê hy dat hy alleen dit sal sê wat die Here hom beveel. Balak is vol vertroue dat Bileam die Israeliete sal vervloek. Balak bou op Bileam se versoek sewe altare en offer daarop sewe bulle en sewe ramme. Die offers moet God positief teenoor Balak stem. Bileam staan op 'n afstand en kyk na die Israeliete onder in die vlaktes. Elke keer as hy by Balak kom, seën hy die Israeliete in plaas van om hulle te vervloek soos Balak hom versoek het.

Balak is so moedeloos en kwaad dat hy Bileam wegjaag sonder enige betaling. Voordat Bileam vertrek, spreek hy 'n merkwaardige profesie uit. Hy sien hoe volke in die toekoms opkom en ondergaan, maar 'n ster kom op uit Jakob en 'n septer uit Israel wat oor almal sal heers, oor almal wat wil oorlog maak. Bileam verwys na die koms van Christus, die ster uit Jakob, wat

as Koning oor die hele wêreld sal heers.[85] Die Here gebruik die heidense profeet om die koms van die Messias aan die heidene te verkondig.

Israel verval in afgodery by Sittim

Bileam ontvang geen betaling nie, omdat hy die Israeliete nie vervloek het nie. Tog gee hy aan Balak die raad om Israel tot sonde en afgodery te verlei. Die Moabiete is skielik baie vriendelik teenoor die Israeliete en nooi hulle uit na Sittim om hul feeste by te woon. Die Israeliete neem die uitnodiging aan en neem deel aan die feeste ter ere van Baäl-Peor, die Moabitiese afgod. Bileam se optrede om die volk tot afgodery te verlei, is 'n gruwel in God se oë.[86]

God straf die volk vir hulle sonde en 24 000 Israeliete sterf. Terwyl die plaag voortduur, neem Simri uit die stam van Simeon, 'n Midianitiese vrou met die naam Kosbi na sy tent. Dit gebeur direk nadat Moses bevel gegee het dat al die manne wat aan die verering van Baäl-Peor deelgeneem het, opgehang moet word, sodat die plaag kan ophou. Pinehas, die seun van die hoëpriester Eleaser, steek Simri en Kosbi met sy swaard dood. Daardeur doen hy versoening vir die sonde van die volk en die Here laat die plaag ophou. Die Here beloof aan Pinehas dat die hoëpriester voortaan altyd uit sý geslag sal kom.

God straf die Midianiete swaar. Op bevel van die Here stuur Moses 'n leër van 12 000 man om teen hulle te veg. Elke Midianiet wat hulle teëkom, maak hulle dood. Die Midianiete word verslaan en al die mans en vroue wat gesondig het, word om die lewe gebring. Bileam word ook gevange geneem en gedood. Deur die oorlog wreek die Here Hom op die Midianiete. Hulle is skuldig aan die verbondsbreuk van God se volk deur hulle van Hom afvallig te maak.

---

85 Op. 22: 16 Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.

86 Op. 2: 14 Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

Moses neem afskeid

Die Israeliete maak gereed om die beloofde land te verower. As gevolg van Moses se sonde by Meriba mag hy nie Kanaan binnegaan nie. Die Here het reeds aan hom gesê dat hy sal sterf nadat Hy die Midianiete gestraf het. Moses pleit by God om hom tog toe te laat om Kanaan binne te trek, maar God word kwaad en wys sy versoek af.

Moses se laaste taak is om die wette van die Here nog 'n keer vir die volk voor te lees. Dit word in die boek Deuteronomium opgeteken. Deuteronomium beteken: herhaling van die wet of die tweede wet. Hy reël verder wat hulle moet doen as hulle in Kanaan aankom en hoe hulle die land onder die stamme moet verdeel. Die kern van sy boodskap aan die volk is dat hulle God moet liefhê, aan Hom gehoorsaam moet wees en sy gebooie moet onderhou. Dan sal dit met hulle goed gaan. Hy gee ook 'n kort oorsig van hul geskiedenis in die woestyn, sodat die volk besef hoe God hulle gelei en bewaar het.

Josua volg Moses op as leier. Dood en begrafnis van Moses

Moses aanvaar dat God hom nie sal toelaat om Kanaan binne te trek nie. Hy is egter besorg oor wie die volk na sy dood sal lei. Op God se bevel dra hy die leierskap oor aan Josua. Dit gebeur voor Eleasar, die hoëpriester, en die volk. Moses lê sy hande op Josua as teken dat die Here hom uitgekies het as leier vir die volk. Moses gee ook die wetboek aan die Leviete met die opdrag dat hulle dit by die verbondsark moet bêre en dit elke sewe jaar op die huttefees vir die volk moet voorlees. In 'n pragtige lied vermaan hy die volk om die Here nie te verlaat nie. Ten slotte spreek hy die seën uit oor die twaalf stamme van Israel.

Op God se bevel klim Moses op die berg Nebo, vanwaar die Here hom die land Kanaan laat sien. Hier sterf Moses en word deur God self begrawe op 'n plek wat niemand weet. In die Bybel lees ons dat die duiwel en Migael, die aartsengel, oor sy liggaam gestry het.[87] Moses was 120 jaar oud toe hy sterf. Sy oë het nie verswak nie en sy liggaamskrag het nie afgeneem nie. Die Israeliete treur 30 dae lank oor sy dood.

---

87 Jud. 1: 9 Maar toe Migael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou!

Die betekenis van Moses

Moses is 'n besonderse figuur in die Bybel. As middelaar tussen God en die volk wys hy heen na Christus – die Middelaar tussen God en sondaarmense. God praat met Moses soos met 'n vriend en maak aan hom sy wil bekend. Daarom verwys die Bybel dikwels na God se wil in die Ou Testament as na Moses en die profete.[88]

In die Evangelies lees ons dat Moses en Elía op die Berg van Verheerliking in gesprek met die Here Jesus, aan Petrus, Jakobus en Johannes verskyn het.[89] Moses het naby God geleef en het vasgestaan in die geloof.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 264 – 283 en 288 – 299 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 126 – 136 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 180 – 190 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 288 – 295 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: DBU. 135 – 141 en 156 – 157 p.

88 Luk. 16: 31 Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.

89 Matt. 17: 3 En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom.